e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

18 April 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 10

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Identiteit en familie

Ons is nou byna vyf jaar lank deel van die Hervormde gemeente Gaborone in Botswana. Die gemeente bestaan uit ongeveer 390 grootmense en kinders uit verskillende kerkverbande, met om en by 15% van die lidmate Hervormers. Daar is ook 'n aantal Afrikaanssprekende mense (wat nie op ons gemeenteregister is nie) wat die eredienste bywoon en by die Bybelstudies en programme inskakel.

Ek wil graag aan die hand van twee teksgedeeltes 'n paar gedagtes deel oor my perspektief op die opwindende pad vorentoe vir die Hervormde Kerk.

In Rut 1: 16 lees ons die woorde van Rut aan Naomi: *...waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God*. Die treffende van hierdie antwoord lê ook vir my in wat vóór dit in Rut se lewe gebeur het. 'n Meisie met 'n Moabitiese agtergrond, geloof en kultuur word deel van die volk van God vanweë haar huwelik met 'n Israeliet. Haar eerste identiteit het verander toe sy deel word van haar Joodse familie. Naomi se voorstel aan haar skoondogters, ná die dood van hul mans, om weer terug te gaan, was vir Rut 'n kritieke vraag na haar identiteit. Sy het besef dat haar nuwe familie aan haar 'n nuwe identiteit gegee het. Sy het haarself gesien as deel van God se volk en deel van God se verbond. God se toekoms met sy kinders het ook haar toekoms geword.

Efesiërs 2: 11-22 handel ook oor identiteite. Ons lees van Jode en nie-Jode, heidene en onbesnedenes. Maar die hoogtepunt in die gedeelte is die beklemtoning van 'n nuwe identiteit wat moontlik geword het deur die bloed van Christus. In Jesus Christus ontvang gelowiges 'n nuwe identiteit wat alle ander identiteite oorspan. Die kerk van Christus word dan soos in vers 20 *...'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.*

Dit is verblydend om te sien hoe gelowiges hier in die buiteland 'n familie word en 'n tuiste vind in 'n Hervormde gemeente, al is hulle nie Hervormers nie, al is hul huistaal nie Afrikaans nie, al deel hulle nie dieselfde geskiedenis nie, al is die liturgie nie presies soos daar waar hulle vandaan kom nie, en selfs al was hulle nog nooit voorheen in enige kerk nie. Die hoofrede hiervoor is dat die omstandighede wat gepaardgaan met 'n lewe in 'n ander land as jou vaderland jou dwing om te dink oor die setel van jou Christelike identiteit. Ander gelowiges word die familie waarmee jy saam aanbid en dien omdat die Naam en bloed van Christus jou eerste identiteit is. In hierdie lig word verskille minder belangrik en selfs onsigbaar. Die identiteit van Christus kan dan die doelwit en dinamiek in die lewe van die gemeente wees. Dit maak eenheid moontlik binne 'n verskeidenheid.

Hierdie belewenis is vir my baie waardevol wanneer ek nadink en bid oor die toekoms van die Hervormde Kerk. Myns insiens is die huidige uitdagings in ons Kerk die simptome van 'n krisis in identiteit. Kerkwees sluit altyd 'n dinamiese antwoord in op die vraag: Wie het ons geword in Jesus Christus?

As die identiteit van die Hervormde Kerk nie gebaseer is op baie méér as taal, kultuur, geskiedenis, politiek, kerkverband of tradisie nie, sal die Kerk gou uitgedien wees soos alle ander tydelike en mensgemaakte identiteite. Maar as die Hervormde Kerk 'n identiteit sigbaar maak wat gesetel is in die Naam van Jesus Christus, die roeping en opdrag van die kerk en die lewenslange verbintenis daartoe om in elke nuwe tyd 'n draer te wees van die evangelie van hoop en redding, sal ons steeds die geleentheid hê om in die toekoms, in enige plek en tyd, 'n geloofwaardige getuie te wees.

Ds Marthinus van Staden
Gaborone, Botswana

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- **Dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai se moeder** is op Dinsdag 16 April om 04:30 oorlede. Die roudiens het op Donderdag 18 April plaasgevind. Ons innige meelewing gaan aan dr Malan en sy familie.

Dr en mev Gys Bos en predikante van Wes-Kaapland

- **Dr Gys Bos** vier op 28 April sy 50ste ampsjubileum. Dr Bos en sy vrou, Jeanne, is in 1992 deur die destydse HKSA na Suid-Afrika genooi, en het in 1996 met 60 van sy landgenote in Suid-Afrika getoer en die gemeentes in Khayelitsha en Bloemfontein besoek. Met 'n basaar in Heerde het hulle geld ingesamel om 'n afgebrande kerk in Khayelitsha weer op te bou, en twee jaar later het hulle die opening meegemaak. Daarna was hulle betrokke by die oprigting van 'n crèche in die area. In Bloemfontein was hulle feitlik die eerste blankes om 'n Nagmaaldiens saam met die gemeente by te woon. Daarmee is tot vandag 'n besondere band gesmee. Vanuit Heerde het hulle ook in Bloemfontein 'n crèche laat realiseer. Hulle is vandag steeds betrokke by die werk vir moeders en kinders. Tans is hulle besig met 'n tweede crèche in 'n plakkerskamp en crèches in Saulsville en Mabopane. Dr Bos en sy mense het ook hulp verleen met kerkbou en kerkrestourasie, en ook met die bou van pastorieë in verskillende gemeentes. Al die werk is gedoen in samewerking met verskillende apostolaatskommissies van die Hervormde Kerk. Die fondse vir die werk is deur dr Bos verkry van gemeentes met wie hy kontak het en ook van vriende. So was daar in Urk verlede maand 'n kollekte wat meer as tweeduisend euro's ingesamel het. Dr Bos noem dat dit vir hom baie spesiaal is om in MRCC-gemeentes te preek terwyl sy woorde omgesit word in die plaaslike taal. Uit Bloemfontein het hy verlede week die volgende boodskap gekry: *Dit gaan goed met die gemeente ook, hulle onthou nog Gys se Skriflesing uit Johannes 14: 15 en as hulle daarvan dink, word hulle baie bly.* **Op die foto** is predikante van die ring van Wes-Kaapland met dr en mev Gys Bos in Februarie 2012 in die Strand. Tydens dié geleentheid het die ring erkenning aan dr en mev Bos gegee vir hul reusebydraes tot die ontwikkeling van die gemeente in Khayelitsha en in besonder met die totstandkoming van die Eluthandweni-crèche op die perseel.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Moenie met 'n blinde persoon se gidshond begin speel of hom kos voer nie. Die hond het 'n *werkstyd* en 'n rustyd. Dit verwar die hond as hy *aan diens is* en daar word met hom gespeel.

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom**
  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar.
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud.
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
  - Goeie gesondheid.
  - Aanvoeling vir kinders.

  Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. **Aansoeke sluit op 30 April 2013.** Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Willem Kok: 018 294 4187 / 083 664 0058 / wilmak@absamail.co.za
  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

aksiegroep vir bejaardes

- **AGB-wenk:** Onlangse statistieke toon dat ons nasie besig is om ouer te word. Ons houding sal hierdie gegewe moet erken en die verandering moet aangryp deur die probleme te takel, maar ook deur die voordele wat dit vir ons inhou, te benut. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die AGB by 082 786 8448.

- Neem asseblief kennis van die volgende **nuwe e-posadresse** van **Gemeente Rooihuiskraal**: Mev Erika van Wyk (kantoor): **erika@nhkrhk.co.za**
  Mev Karen van Loggerenberg (kantoor): **karen@nhkrhk.co.za**
  Ds Jaco Vogel: **jaco@nhkrhk.co.za**
  Ds Maryka Potgieter: **maryka@nhkrhk.co.za**

- **Kerklike eiendom in Venterskroon.** Die Raad van Finansies het besluit om eiendomme wat nie 'n finansiële bydrae tot die roeping van die Kerk maak nie, te verkoop. Die Raad versoek enige persoon wat sou belangstel om 'n aanbod in te dien vir die eiendom te Venterskroon.
  Die eiendom: Groot 6,6 ha met drie geboue op waarvan 2 woonhuise is en een die ou polisiestasie. Al drie die geboue dateer uit die vorige eeu. Twee van die geboue is tevore gerestoureer, maar die derde een kort baie aandag. Daar is ook 'n tronk op die eiendom en nog 'n gebou wat voorheen 'n motorhuis was maar omskep is in kamers. Op die eiendom is 'n boorgat wat water voorsien aan die kampterrein, en daar sal waarskynlik 'n serwituut geregistreer word om watervoorsiening aan die kampterrein te waarborg. Hierdie is nie die grond waarop die kampterrein geleë is nie.
  Aanbiedinge: Rig die aanbiedinge aan Piet Beukes by Posbus 2368, Pretoria 0001 – verkieslik in 'n geseëlde koevert – voor 24 Mei 2013.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Wonderboom: Sondag 21 April om 09:00**
  Emerituspredikant **ds Johan du Toit** se 50-jaar-ampsjubileum
  Oudl Fred Paynter sal namens die Kommissie van die AKV gelukwense oordra
  Navrae aan ds Peet Esterhuizen by 012 567 6860 of **5essies@telkomsa.net**

- **Gemeente Warmbad: Sondag 26 Mei om 09:00**
  60-jarige feesviering van die gemeente
  en 25-jaar-ampsjubileum van ds Marius Bacon
  Nagmaaldiens om 09:00 met vingerete na die diens
  Alle oudlidmate welkom
  Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124
  of oudl Van Dyk by 073 535 0160

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 April, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 18 April: Ds Jan Kramer (Elsburg)
  - Vrydag 19 April: Di Henk Calitz (Carletonville), Pierre Jacobs (beroepafwagtend) en Tinus Swart (Petrusburg)
  - Sondag 21 April: Ds Edzard van Baalen (Parkrand) en dr Kobus van Biljon (emeritus)
  - Dinsdag 23 April: Di Francois Evert (Declercqville) en Casper Steenkamp (emeritus)
  - Woensdag 24 April: Ds Herman van den Berg (Elandspoort)
  - Donderdag 25 April: Prof Andries van Aarde (siekte-emeritaat), dr Wimpie van Schoor (Primrose-Oos) en ds Rika van Staden (Goudveld)
  - Vrydag 26 April: Ds Paul Kern (Sannieshof)

Beplande vergaderings

- Vrydag 19 April: Moderamen
- Saterdag 20 April: Kommissie van die AKV
- Dinsdag 23 April: ADV-kommunikasie
- Woensdag 24 April: Dagbestuur van die Kinderhuise
  Beplanning vir die 70ste AKV
- Donderdag 25 April: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
- Vrydag 26 April: Teologiese opleiding en
  Forum vir Hervormde Geloofsontmoeting

Kursusse en toerusting

- **HTK: Tafelgesprek**
  Vrydag 19 April van 14:00 af
  Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
  Tema: *Teologiese Opleiding*
  Inleiers prof Ernest van Eck en dr Kobus Labuschagne
  Alle lidmate en ampsdraers welkom

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie en **5 en 6 November**
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R350** per persoon **(Let wel: Nié R400 nie!)**
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 20 Mei** kontak
  Faks 012 420 4303 / Tel 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnr 020 149 752, kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT en naam van kursusganger

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  (minder as uur van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg)
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809
  of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782
  of **pieterjanob@gmail.com**

Beskikbare behuising

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamers 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

- **Saterdag 25 Mei: Gemeente Culembeeck**
  Manne-Oggend met prof Stephan Joubert as spreker
  In die Simfonie-ouditorium, Witpoortjie, Roodepoort
  R120 per persoon
  Bespreek by ds Annerie Conradie tel 083 291 4782

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  Piekniek, kenmekaar en lofprysing Vrydagaand
  Pretloop Saterdagoggend, aromaterapiesessie, *high tea*
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Bespreking met betaling van R200 deposito
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 4 Mei vanaf 09:00 (inskrywings vanaf 06:30)**
  Gemeente Trichardtsfontein: *Race of Grace*
  60, 30, 10 km en kinderwedren
  Ondersteun deur Megchem Fietsryklub
  Met kuns en handwerk, lekker kos, dagsorg vir kinders
  Navrae aan **nhktrichardt@vodamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 26 en Saterdag 27 April**
  Gemeente Warmbad: Basaar
  Op die terrein van Forever Resorts, ingang Groblerstraat
  Vrydag vanaf 14:00 kosstalletjies
  Vanaf 19:00 musiekkonsert met Juba Broers – toegang gratis
  Saterdag vanaf 08:00 kwaliteitvleis, salami's, wildsbiltong teen billike pryse
  Ontbyt, stalletjies en vermaak
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124

- **Saterdag 27 April vanaf 08:00**
  Gemeente Magaliesmoot: Karnaval
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Kwaliteitvleis teen uiters billike pryse
  Vermaak vir jonk en oud, sewesrugby, boeresport en meganiese bul
  Groot sangkompetisie met verskeie pryse
  Stalletjies sluit in wit olifanttafel, veiling, handwerk, verskeie eetgoed en meer
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak ds David Barnard by 083 441 1789

- **Woensdag 1 Mei 07:00 tot 16:00**
  Gemeente Potchefstroom: Motorskou
  Die Motorskou is vanjaar mondig!
  Meer as 300 motors word uitgestal
  Verskeie vlooimarkstalletjies, baie eetgoed
  Kontreifees met *Country*-legendes
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058
  of Magda Kok by 018 293 2672 (08:30 tot 13:00)

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion
  Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
  Koop 'n kaartjie teen R100 en ontvang 'n pakkie diamantgruis
  Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om 'n diamant te wen!
  Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
  Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
  Navrae aan ds Annelie Botha (082 650 3494)
  of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

ANDER NUUS

- **Sonitusskool vir Gehoorgestremdes: Damesdag**
  Saterdag 11 Mei om 09:00
  Riana Nel en verskeie uitstallers
  R130 per persoon
  Kaartjies by Miné 012 800 1161

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960



- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys. Deur 'n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie 'n verleentheid is nie, is daar 'n spesiale paar veters te koop @ R30. As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker wat jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- ***Help! Hoe moet ek my Bybel lees?***
  Laai jou eksemplaar af in pdf-, epub- of mobiformaat
  Gaan na **www.bybelgenootskap.co.za** → Bybelhulpmiddels → Seleksies

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Nuut in Mei 2013

Lees in *Konteks* van Mei 2013

- Maak kennis met gemeentes in die ring van Pietermaritzburg
- Ontgin ons skat van kerkliedere
- Waarom is Abraham ons "vader in die geloof"?

Lees in *Die Hervormer* van Mei 2013

- Hoe lyk die Hervormde Kerk se mense?
- Ons huldig twee baanbrekers in Bybelvertaling
- Die hemelvaart bring nuwe hoop

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel